OPENING OF CASE DOCKETS: OFFICIAL LANGUAGE: ENGLISH

A-C1. On receipt of this letter, all case dockets will be opened, registered and investigated in the English language.

2. All statements will be taken in English and all entries made in the investigation diary by investigators will be in the English language.

3. Any other language except the English language is unacceptable.

4. Acknowledge receipt of this letter to fax no: 015-290 6170 "Att Dir Morkel" before 2009-08-30.

C1. For information.

2. All Cluster Commanders must assist to enforce this instruction.

Die omsendbrief waarin polisielede in Limpopo beveel is om in die toekoms net Engels te gebruik.

'Anything but English is unacceptable'

Sonja Carstens

Alle stasiekommissarisse en eenheidsbevelvoerders van die polisie in Limpopo het opdrag gekry om te sorg dat slegs Engels gebruik word om dossiere te registreer, verklarings af te neem en aantekeninge in ondersoekdagboeke te maak.

"Enige ander taal as Engels is onaanvaarbaar," lui die omsendbrief van 24 Junie wat onder die naam van die adjunkprovinsiale kommissaris van *polisiëring in die provinsie* uitgereik is.

Luidens die brief moes alle belanghebbendes teen 30 Junie briewe aan ene dir. Morkel faks om ontvangs van die omsendbrief te erken.

Beeld het gister 'n afskrif van die brief van 'n aanklaer ontvang wat self wou weet hoekom alle dossiere skielik net in Engels opgestel word.

In 'n poging om polisiekommentaar te kry, is *Beeld* van die een polisiewoordvoerder na die ander verwys, maar navrae het onbeantwoord gebly.

Me. Alana Bailey, adjunkuitvoerende hoof van AfriForum, het gesê die burgerregte-organisasie gaan 'n klag teen die polisie in Limpopo by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) indien.

Volgens Bailey is verdere regstappe nie uitgesluit nie.

"Dit is 'n growwe skending van misdaadslagoffers se regte deur hulle te dwing om hul verklarings in Engels af te lê terwyl die Grondwet gelyke regte aan al 11 amptelike tale gee."

Prof. Koos Malan, bestuurslid van die Vereniging vir Regslui vir Afrikaans (VRA), het verder gesê dat suksesvolle vervolgings gekelder word as daar teenstrydighede tussen slagoffers se getuienis en die inhoud van hul verklarings is juis omdat dit swak afgeneem word.

"Die polisie moet 'n diens lewer in die taalvoorkeur van die mense wat hulle dien," het hy gesê.